# ‘n Ekstra stel oë en ore: Samewerking tussen medestudente binne ‘n Baccalaureus Opvoedkunde (Honneurs) navorsingsprojek

---

Binne die Baccalaureus Opvoedkunde Honneurs (B.Ed.Hons) graad word studente vir die eerste keer blootgestel aan formele navorsing saam met ’n studieleier. Om die wêreld van navorsing te betree kan nogal oorweldigend vir 'n student wees, veral omdat dit dalk vir studieleiers moeilik kan wees om genoegsaam tyd daaraan te wei inaggenome al hulle ander take.

Samewerking tussen medestudente is ’n bekende praktyk binne hoër onderwys en onderwys in die algemeen en die literatuur ondersteun die idee van samewerking tussen medestudente om navorsingservaring uit te brei.

Hierdie studie het ’n gevallestudie metode gebruik om te bepaal wat B.Ed.Hons studente se ervarings van samewerking tussen medestudente tydens hulle navorsingsprojekte was en om enige voordele en uitdagings daarvan tydens navorsing te bepaal.

Die studie het bevind dat samewerking tussen medestudente groot akademiese en emosionele/sosiale voordele vir hulle inhou. Dit sluit in die uitbreiding van kennis, hulp om vrese te oorkom, iemand wat kan luister, om isolasie te verminder en mekaar te motiveer om navorsingsprojekte te voltooi. Die belangrikheid van vrienskap was 'n sosiale voordeel wat uitgestaan het.

Akademiese en emosionele/sosiale uitdagings was o.a. vrese oor plagiaat, 'n tekort aan fisiese kontak tydens die pandemie, tydsbestuur rondom samewerking met medestudente en besorgdheid oor die moontlikheid om medestudente te pla.

Alhoewel samewerking tussen medestudente nie die rol van 'n studieleier kan vervang nie, beveel die studie aan dat dit wel die leeromgewing van navorsing kan aanvul, veral vir B.Ed.Hons studente.

---

Emmanuel André Cilliers

Studieleier: Prof Maureen Robinson